Van Rooi, Leslie
Universiteit Stellenbosch

# Kerkregtelike ontwikkelinge in die VGKSA – 'n historiese oorsig (1881-1994)[1]

**ABSTRACT**

**Church juridical developments in the URCSA – A historical overview (1881-1994)**

From a church juridical perspective the DRMC and the DRCA took in a necessitated subordinate position in relation to the DRC that has been their self-appointed guardian for the largest part of their histories. As such the autonomy of the DRMC and the DRCA in historical perspective is questionable. However, the indication is that the DRMC and the DRCA underwent certain church juridical developments within their ranks, mostly on the basis of certain 'freedoms' allowed by the DRC. As such the synods of the DRMC and the DRCA gradually received more autonomy in making autonomous and authoritative decisions. This gradual process followed the line of amendments to the different constitutions of the DRMC and the DRCA, the ending of the constitutions with their central tenets and the implementation of the different Deeds of Agreement between the DRC and the DRMC and DRCA, as well as the drafting of secondary church orders by the DRMC and the DRCA. As will be pointed out the unification of the DRMC and the DRCA in the formation of the URCSA on the basis of a new and unique church order may indeed be regarded as the culmination of these developments.

## INLEIDING

Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NGSK) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) het onderskeidelik in 1881 en 1910 tot stand gekom. Soos wat hierdie studie sal uitwys, het beide hierdie kerke gegroei vanuit die sendingaktiwiteite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK).

In April 1994 het die NGSK en die NGKA verenig in die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA).[2] Hierdie kerk het as konfessionele basis die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Dordtse Leerreëls, die Heidelbergse Kategismus sowel as die Belydenis van Belhar. Die kerkorde van die VGKSA is dan ook gebou op hierdie belydenisskrifte en dan in besonder op die Belydenis van Belhar.[3]

Die geskiedenis van die NGSK en die NGKA wys duidelik uit dat hierdie kerke, op 'n kerkregtelike vlak, ondergeskik was aan en tot 'n groot mate kerkregtelik bestuur is deur die NGK. Die model vir die planting van kerke soos gevolg deur die NGK en wat gebou is op doelbewuste kulturele

1 Die grootste gedeelte van hierdie artikel is gelewer as referaat tydens die byeenkoms van die Kerkregwerkgemeenskap as deel van die gesamentlike konferensie van al die verskillende teologiese werkgemeenskappe op Stellenbosch, Junie 2009.

2 *Acta Synodi*, VGKSA, 1994, 281-295.

3 Vir 'n algemene oorsig oor die teologiese opbou van die eerste kerkorde van die VGKSA sien Leslie van Rooi, 'Bevry om te bely en te beliggaam. 'n Ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA'. In *NGTT*, Deel 48 No. 3&4, 2007, 799-810.

verskeidenheid het ’n groot rol in hierdie verband gespeel. Deur hul geskiedenis(-se) heen is daar egter sekere kerkregtelike vryhede aan die NGSK en die NGKA toegestaan. Hierdie vryhede vorm, myns insiens, die basis van die (oorspronklike) kerkregtelike ontwikkeling(-e) in die vermelde kerke. Dit word uitgewys in primêre dokumente waarvolgens die NGSK en die NGKA regeer is, sowel as in die dokumente wat as kerkordelike basis vir die interne organisering van hierdie kerke gedien het. Die vermelde dokumentasie sluit in die oorspronklike grondwette vir die regering van die NGSK en die NGKA, die Aktes van Ooreenkoms tussen die streeksinodes van die NGK en die streeksinodes van die NGKA sowel as die Akte van Ooreenkoms tussen die NGK in Suid-Afrika (die sogenaamde Kaapse Kerk) en die sinode van NGSK, die eerste kerkordes van die NGSK en die NGKA.

Die mening word gehuldig dat hierdie ontwikkelinge binne die NGSK en die NGKA in spesifieke periodes in die geskiedenis van hierdie kerke verdeel kan word. As sodanig sal die kerkregtelike ontwikkelinge in die kerke bespreek word aan die hand van die volgende periodes: 1881-1915, 1916-1961, 1962-1994.[4]

## 1881-1915.[5] DIE EERSTE GRONDWETTE

Die stigting van die verskillende ‘sendingkerke’ deur die NG Kerk het plaasgevind op die basis van ’n Grondwet of *Constitutie*. Hierdie grondwet het die struktuur sowel as die innerlike werking van die betrokke kerk gereël. Wanneer dit kom by die struktuur en inhoud van die verskillende grondwette is dit veral belangrik om te let op die eerste *Constitutie* van 1880*,* naamlik dié van die NGSK. Hierdie *Constitutie* kan inderwaarheid gesien word as die fondasie waarop al die ander grondwette vir die verskillende ‘sendingkerke’ later gebou sou word.[6] Weens die beduidende belang van hierdie *Constitutie* sal in hierdie afdeling grootliks aandag gegee word aan die inhoud daarvan.

Die *Constitutie* (1880) vir die NGSK het bestaan uit 10 artikels en in hierdie artikels word onder andere gereël watter gemeentes deel van die NGSK sou vorm, wat die konfessionele basis van hierdie kerk sou wees, die breë regering van die kerk sowel as finansiële sake wat verband sou hou met die bediening en regering van die NGSK.[7] Betreffende die struktuur van die hierdie *Constitutie* meld Loff dat daar vier afdelings onderskei kan word:

‘In die eerste drie artikels word die hegte band tussen die “Zendingkerk” en die “Moederkerk”

4 In sy historiese werk, *Die eerste eeu, Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika, 1881-1981*, onderskei DP Botha 3 periodes in die kerkregtelike geskiedenis van die NGSK. Hierdie periodes is 1881-1916 (volle beheer van die ‘moederkerk’), 1916-1958 (’n periode van beperkte outonomie onder die grondwet), en 1958-1975 (periode van groei van die grondwette tot die Aktes van Ooreenkoms). Sien in hierdie verband Botha, ‘Kerkregtelike Selfverwesenliking’, In CJ Kriel. *Die Eerste Eeu. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1981.* Paarl: Paarlse Drukpers. Mary-Ann Plaatjies-Van Huffel maak ook ’n periodieke onderskeid in die geskiedenis van die NGSK. In hierdie verband meld sy dat ‘(D)rie fases in die NGSK se strewe na kerkregtelike selfverwesenliking onderskei (kan) word, naamlik Ondergeskiktheid aan die NGK (1881-1915), Beperkte outonomie onder die Grondwet (1915-1956) en Kerkregtelike selfverwesenliking (1956-1982)’. Sien MA Plaatjies-Van Huffel. Die Doleansiekerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerke en die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika. 2008. 250-251.

5 Die stigting van die NGSK en die NGKA het in hierdie periode plaasgevind. Die stigting van beide hierdie kerke is kerkregtelik gereël deur ’n Grondwet of ’n *Constitutie*.

6 Sien NJ Smith, Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid–Afrika*. Annale.* Vol. 34. Serie B no.2. Stellenbosch Universiteit. 1973, 40-41.

7 Sien *Acta Synodi*, NGK in SA, 1880, 7-8.

uitgedruk. In die volgende drie artikels word die samestelling en pligte van die "Bestuur" van hierdie Kerk aangedui. Hierop volg drie artikels wat op die administrasie van die Kerk betrekking het. En dan sluit dit af met die artikel waarkragtens besluite "door enige Bestuur" geneem deur die Sendingkommissie goedgekeur moes word alvorens dit uitgevoer kan word.'[8]

Daar is veral vyf artikels in hierdie *Constitutie* wat direk impakteer op die kerkregtelike wese van die NGSK. Weens die belang hiervan word daar dus vervolgens kort opmerkings rondom die inhoud van Artikels I, II, III, V, en X gemaak.

Artikel I stipuleer watter gemeentes deel van die NGSK sou vorm en in hierdie verband is die *schema* heel duidelik wanneer dit bepaal dat "alle Gemeenten door de Nederd. Geref. Kerk en hare Binnenlandsche Zending-werksaamheid gesticht of anders met haar in verband staande…" deel van hierdie kerk sou kon vorm.[9] Dit blyk dus of kerklike lidmaatskap tot die NGSK beperk sou word of, soos Kriel dit stel: '(H)ieruit blyk duidelik dat die Moederkerk haar slegs toegespits het op die gemeentes en werkkringe wat vanweë die Kerk se eie sendingaksie tot stand gekom het. Van die jong kerk se vermoë tot selfontplooiing en selfuitbreiding was daar geen sprake nie. Die vernaamste oogmerk was die samesnoering van losstaande ondernemings'.[10] In hierdie verband is dit interessant om daarop te let dat, alhoewel 'n hele paar gemeentes wel deel van die NGSK sou kon vorm[11], daar slegs vier gemeentes verteenwoordig was by die stigtingsinode van die NGSK op 5 Oktober 1881.[12]

Inhoudelik konsentreer Artikel II op die kerklike administrasie van die NGSK. In hierdie verband sou die NGSK gebruik maak van die Wette en Bepalinge van die NGK in SA in soverre hierdie orde-reëlings van toepassing was op die 'behoeftes der Zendingskerk'.[13] Daar was dus op hierdie stadium geen sprake van die daarstelling van 'n kerkorde vir die NGSK nie en vir die dekades wat sou volg sou die kerkordelike reëlings vir die NGSK opgeteken word as 'n afdeling binne die Wette en Bepalinge van die NGK in SA.[14]

Artikel III stipuleer die konfessionele basis van die NGSK. In hierdie verband sou die NGSK – soos al die ander "sendingkerke" – nie afwyk van die belydenis(se) van die NGK nie. Aangesien die konfessionele basis van die NGSK die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls sou vorm, is dit duidelik dat die NGSK konfessioneel deel van die breë gereformeerde familie sou vorm.[15] Hierdeur sou nie net die konfessionele basis van die NGSK nie, maar ook haar kerkreg, identies wees met dié van die NGK in SA.[16]

Artikel V stipuleer die regering van die NGSK. In hierdie verband word dit duidelik dat 'n kommissie die NGSK sou regeer. Hierdie kommissie sou grotendeels uit sendelinge bestaan. Streng riglyne sou geld – soos wat die geval was met gemeentes wat deel van die NGSK kon word - as dit kom by die aanwysing van ouderlinge vanuit gemeentes wat deel van die raad sou

8 CJA Loff, *Bevryding tot Eenwording. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1994*, 1998, 128-129.

9 *Acta Synodi*, DRC in SA, 1880, 8.

10 CJ Kriel. *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1956*. ('n Historiese Studie van Sendingwerk onder die Kleurlingbevolking van Kaapland), 1963, 68.

11 Sien in hierdie verband CJ Kriel, *Die Eerste Eeu. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1981*, 1981, 26-27.

12 Loff, *Bevryding tot Eenwording*, 1998, 125-127.

13 Acta Synodi, NGK in SA, 1880, 7.

14 Sien as voorbeeld hiervan *Wette en Bepalings vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1953, 91-96.

15 Acta Synodi, NGK in SA, 1880, 8.

16 Kriel, *Die geskiedenis*, 1963, 68-69.

kon vorm.[17]

Artikel X sou inderwaarheid die sleutel vorm waarmee hierdie *Constitutie* gesluit sou word. Volgens hierdie artikel kon die *Constitutie* nie gewysig word 'dan na bekomen goedkeuring van de Synodale Binnelandsche Zendingcommissie'.[18] Die vaste greep van hierdie artikel sou in plek bly vir dekades wat sou volg.[19]

Deur veral hierdie artikels word die kerkregtelike posisie van die NGSK duidelik bepaal. Dit was 'n posisie waar die selfstandigheid van die NGSK kerkregtelik ingeperk is. Die gedokumenteerde besware van o.a. Paulus Teske kan in hierdie verband verstaan word.[20] Wat meer is, is dat die eerste grondwette van die later-gestigte 'swart sendingkerke' presies op dieselfde kerkregtelike basis gebou sou word.[21] In 'n historiese sin was al vyf 'sendinggrondwette' vir die 'sendingkerke' in Suid-Afrika dieselfde en dan veral ten opsigte van die volgende vier punte:

1. Hierdie kerke sou gevorm word op grond van kulturele en rasse-verskeidenheid. Die vlakke waartoe dit waar is, het verskil binne die verskillende kerklike streke.
2. As dit kom by die formele stigting van hierdie kerke is die finale besluit geneem deur die verskillende Sendingkommissies en nie deur hierdie kerke self nie.
3. Hierdie kerke sou regeer/bestuur word deur die verskillende Sendingkommissies van die NGK. Van selfregering was daar dus nie sprake nie.
4. Hierdie kerke was kerkregtelik in 'n ondergeskikte posisie en dit het vir dekades lank uitgespeel in die verhouding tussen hierdie kerke en die NGK.

## 1916-1961.[22] DIE PERIODE TUSSEN DIE VERKNEGTENDE GRONDWETTE EN DIE SKAKELKOMMISSIES

Alhoewel daar reeds by die tweede sinode van die NGSK, asook by twee ander sinodes wat sou volg, gevra is vir wysigings aan die *Constitutie* van die NGKSA, is daar geen wysigings voor 1915 gemaak nie.[23] Een van die redes hiervoor was die feit dat die NGSK nie self die grondwet kon

17 *Acta Synodi*, NGK in SA, 1880, 8.

18 *Acta Synodi*, NGK in SA, 1880, 8.

19 Kriel, *Die geskiedenis*, 1963, 70.

20 Loff, *Bevryding tot Eenwording*, 1998, 127. Sien ook MA Plaatjies-Van Huffel, *Die doleansiekerkreg*, 2008, 255. 'Paulus Teske gaan van die veronderstelling uit dat 'n Sinode die regsbevoegdheid behoort te hê om besluite te kan verander en dat sodanige bevoegdheid nie aan 'n subkommissie van 'n ander kerk gesekondeer kan word nie'. Sien Plaatjies van Huffel, *Die doleansiekerkreg en die kerkreg*, 2008, 255-256.

21 In sy verhaal rondom die stigting van die NGSK in die Oranje Vrystaat (1910), die NGSK in Transvaal (1932), die NG Bantoekerk (Kaapland) (1951), en die NGSK in Natal (1953), maak Smit dit duidelik dat hierdie grondwet die basis sou vorm vir die grondwette van hierdie kerke. Sien in hierdie verband Smit, *Annale*, 1973, 42, 46, 50, 53.

22 Hierdie periode word gekenmerk deur veranderinge aan die oorspronklike Grondwette en die daarstel van skakelkommissies tussen die NG Kerk en die verskillende 'sendingkerke'. Met hierdie veranderinge het daar kerkregtelike vryhede na die kant van die NGSK en die NGKA gekom. Hierdie periode word afgesluit met die eenwording van die 4 swart sendingkerke in die NGKA. In hierdie verband moet daar onthou word dat daar tussen 1862 en 1962 vier NG Kerke bestaan het naamlik die NGK in Suid-Afrika (Kaapse Kerk), die NGK in die Oranje Vrystaat, die NGK in Transvaal en die NGK in Natal. Hierdie kerke het in 1962 verenig om die NG Kerk te vorm. Ek is van mening dat die eenwording van die vier "swart sendingkerke" gebou was op hierdie eenwording.

23 Verteenwoordigers van die NGSK Sinode van 1891 (slegs die tweede amptelike Sinode van die NGSK), 1908, 1912 het gevra vir die verandering van die NGSK Grondwet en vir die formulering van 'n 'Wetten en Bepalingen' vir die NGSK. Vir 'n oorsig in hierdie verband sien Kriel, *Die geskiedenis*, 1963, 106-109

wysig nie.

Die wysigings aan die ou *Constitutie* het uiteindelik neerslag gevind in die 1916 Grondwet van die NGSK. Dit moet egter onmiddellik vermeld word dat die verskille nie noemenswaardig was nie en dat hierdie veranderinge eerder gesien moet word as aanpassings van die oorspronklike *Constitutie* met duideliker stipulasies.[24] Een van die noemenswaardige veranderinge was dat die NGSK nou tot ’n mate die grondwet kon wysig ‘met dien verstaande echter, dat iedere Wet en Bepaling van de gezegde Algemeene Kerkvergadering of Synode, strijdig of onbestaanbaar met eenige van de voorzieniging dezer Grondwet, nul en van gene kracht zijn’.[25]

Oor die jare wat sou volg sou hierdie grondwet, soos ook die grondwet van veral die NGSK in die Oranje Vrystaat egter verder aangepas word. Hier en daar sou die grondwette van die ander ‘swart sendingkerke’ verskil, maar in wese sou dit tog deur dieselfde beginsels gekenmerk word. In hierdie verband meen Plaatjies-Van Huffel: ‘(K)erkregtelik het die sendingkerke onder die swartmense geheel en al onder die jurisdiksie van die NGK gestaan. Van selfstandigheid van die plaaslike gemeente was daar geen sprake nie. Eie regering en gesag het in al bogenoemde gekonstitueerde sendingkerke ontbreek’.[26]

Tussen 1916 en 1975 het daar egter groeiende kerkregtelike veranderinge binne die vermelde kerke plaasgevind en so het die selfstandigheid van die kerke meer en meer tot eie reg gekom. Een van die inleidende fases wat uiteindelik sou uitloop op die volle erkenning van die selfstandigheid van die verskillende ‘sendingkerke’ is die fase wat ingelei is deur die daarstelling van verskillende skakelkommissies tussen die NGK en die verskillende ‘sendingkerke’. In die wette en bepalinge van die NGK in SA in 1946 vind mens die uitkomste wat later die basis van die skakelkommissies sou vorm:

> ‘Met die oog op die onderlinge voorligting sowel as die bevordering en die instandhouding van ’n voortdurend goeie gesindheid tussen die Moeder- en die Sendingkerk, vorm die Subkommissie vir die Binnelandse Sending en die Moderatuur van die Sendingkerk gesamentlik ’n skakelkommissie wat gereeld elke ses maande vergader ten einde sake waarmee hulle van tyd tot tyd in die beoefening van hul onderskeie werksaamhede in aanraking kom, te oorweeg, of wat na die eis van omstandighede bespreking wenslik maak’.[27]

Die impak van die verskillende skakelkommissies is duidelik sigbaar in die veranderde grondwette van die ‘sendingkerke’. Wat die NGSK-grondwet van 1961 betref, meld Smit: ‘(I)n hierdie grondwet kom die selfstandigheid van die Sendingkerk veel meer tot sy reg’.[28] Die werking en outoriteit van die Sinode van die NGSK kom hier veral ter sprake. Een van die grootste veranderinge wat sou plaasvind, was dat ‘(D)ie Moederkerk voortaan nie langer die grondwet in eie diskresie (sou) kon wysig nie.’[29] Hoe dit ook al mag wees, moet dit egter vermeld word dat die etos van die oorspronklike *Constitutie* tog nog sigbaar was in hierdie veranderde grondwette. Vir solank as

& Loff, *Bevryding tot Eenwording*, 1998, 205-208.

24 Sien in hierdie verband *Art 254, 258, 259, 260, 261, 263, 264, 266*. van die 1916 Grondwet in die Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsche Gereformeerde kerk in Zuid-Afrika, 1916, 97-102.

25 Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika, 1916, 100.

26 Plaatjies-Van Huffel, *Die doleansiekerkreg en die kerkreg*, 2008, 331.

27 Die Grondwet van die NGSK in die *Wette en Bepalinge* van die NGK in SA, 1946, 95.

28 JH Smit, *Die amp van die sendingleraar in die jongere Kerk*, 1974, 112.

29 Botha, ‘Kerkregtelike Selfverwesenliking’, In Kriel, *Die Eerste Eeu*, 1981, 161.

wat die grondwette in plek sou bly, sou die kerkregtelike posisie van die 'sendingkerke' myns insiens getuig van 'n posisie van nie-selfstandigheid.

'n Volgende fase van kerkregtelike ontwikkelinge in die 'sendingkerke' kom met die beëindiging van die grondwette en die implementering van die Aktes van Ooreenkoms tussen die NGSK en die NGKA in verhouding tot die NGK.

1962-1994.[30] VANAF AKTES VAN OOREENKOMS TOT 'N VERENIGENDE KERK

Die spesifieke verhouding tussen die NGK en die verskillende 'sendingkerke' moes herevalueer word na die hereniging van die vier NG Kerke in 'n algemene sinodale verband (1962). Dit dien ook vermeld te word dat, na aanleiding van die kerkregtelike vryhede soos aan die 'sendingkerke' toegeken, het hierdie kerke gegroei tot die erkenning van hul selfstandigheid. In hierdie verband meld Van der Merwe dat '(N)amate die dogterkerke meer selfstandig deur middel van hul eie kerkbesture begin optree het, het dit noodsaaklik geword dat die verskillende vergaderinge van die kerkverband (kerkraad, ring en sinode) van moeder en dogterkerke met mekaar in konsultasie tree en oorleg pleeg oor sake van gemeenskaplike belang'.[31]

Intussen het die vier 'swart sendingkerke' ook in 'n algemene sinodale verband verenig om die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NGKA) te vorm (1963). Hierdie kerk het met stigting 'n kerkorde gehad en so was die verhouding tussen die streeksinodes van hierdie kerk en die streeksinodes van die NG Kerk gereël met Aktes van Ooreenkoms. In wese het die Aktes van Ooreenkoms die einde van die grondwette beteken. Dit bly egter 'n vraag of hierdie Aktes totaal en al afskeid geneem het van die verknegtende band gekenmerk deur die grondwette en of die selfstandigheid van die 'sendingkerke' sodoende ten volle erken was.[32]

Inhoudelik was die vernaamste sake wat aangespreek is in die Aktes van Ooreenkoms die volgende:[33]

1. Die posisie (lidmaatskap) van wit, swart/bruin leraars in die NGSK en die NGKA.
5. Die tug en dissiplinering van veral wit leraars in die NGKA en die NGSK.
6. Teologiese opleiding en spesifiek die opleiding van swart en bruin leraars vir bediening in die NGKA en die NGSK onderskeidelik.
7. Die finansiële posisie van die NGKA en die NGSK in verhouding tot die NGK.
8. Die oordrag van eiendomme na die NGKA en die NGSK.
9. Gesamentlike sendingondernemings deur die NGK en die NGKA/NGSK.

---

30 Hierdie periode word gekenmerk deur die daarstel van Aktes van Ooreekoms tussen die vermelde kerke. Hierdie periode vind 'n kulminasie – veral op 'n kerkregtelike vlak - in die eenwording van die NGSK en die NGKA in die VGKSA.

31 WJ van der Merwe, *Gesante om Christus Wil*, 1967, 66.

32 In hierdie verband is dit interessant om te let op 'n brief van Hannes Adonis in Die Ligdraer, die amptelike mondstuk van die NGSK, in 1976. Hierdie brief handel oor die saak van selfstandigheid en lê klem op die inhoud van die Akte van Ooreenkoms tussen die NGK in SA en die NGSK. Adonis meld die volgende: 'In die Ligdraer van 1 Januarie (1976) staan daar iets wat, na my beskeie mening, nie waar is nie en dit is: "Die Sendingkerk is deur hierdie stap op pad na volle kerkregtelike selfstandigheid geplaas." Bogenoemde is nie waar nie omdat die Sendingkerk op hierdie oomblik nog nie selfstandig kan besluit oor al haar sake nie'. Hy noem dan ook 'n paar redes hiervoor. Adonis bou sy argument op Willie Jonker se definisie van kerklike selfstandigheid soos gepubliseer in Die *Sendingbepalinge van die N.G. Kerk van Transvaal*. See Adonis, Akte van Ooreenkoms tussen die N.G. Kerk en die N.G. Sendingkerk. In *Die Ligdraer*: 12, Maart 1.

33 Vir 'n algemene oorsig oor die verskillende Aktes van Ooreenkoms sien Brooks, JW. 1982. *'n Teologiese-Missiologiese beoordeling van die Aktes van Ooreenkoms tussen die Ned. Geref. Kerkverbande in Suid-Afrika*. Ongepubliseerde MTh Thesis. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Wat die geskiedenis van die NGKA betref, wys Plaatjies-Van Huffel soos volg daarop: 'n *Grondwet* is op die Stigtingsinode opgehef en in die plek daarvan is 'n *Akte van Ooreenkoms* opgestel'.[34] Die inhoud van die Aktes van Ooreenkoms tussen die NGK en die NGKA dui daarop dat daar inderdaad inhoudelik 'n beduidende verskil was tussen hierdie Ooreenkoms en die grondwet.[35]

Die eerste Akte van Ooreenkoms tussen die NGK en die NGSK is veel later opgestel as vergelyk word met die Aktes van Ooreenkoms tussen die streeksinodes van die NGK en die streeksinodes van die NGKA. Kriel meen dat dit veral weens sake wat verband hou met die posisie van wit en gekleurde leraars in die NGSK asook die finansiële posisie van die NGSK in verhouding tot die NG Kerk wat verhoed het dat 'n Akte van Ooreenkoms vroeër deur die NGK en die NGSK onderteken kon word.[36] Dit is interessant om daarop te let dat Daniëls van mening was dat, '(M)et die opheffing van die Grondwet van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1975 en die opstelling en aanvaarding van 'n Akte van ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk onder datum 27 November 1975, die weg gebaan is vir die aanvaarding van 'n eie kerkorde vir die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in 1978'.[37]

Dit dien vermeld te word dat die verskillende Aktes van Ooreenkoms oor tyd aangepas is en uiteindelik ook tot 'n einde gekom het namate die selfstandigheid van die NGSK en die NGKA meer en meer erken is. Met die opheffing van die Aktes het die rol en plek van kerkordes op die voorgrond getree. In hierdie verband het die sinode van die NGSK deur die regskommissie doelbewus begin werk aan 'n kerkorde vir hierdie kerk.

Soos genoem het die NGKA vanaf die stigtingsinode 'n kerkorde gehad wat die interne reëlings van die NGKA kerkordelik gereël het. Wat die NGSK betref, is die eerste kerkorde egter eers in 1978 opgestel.

Wat die eerste kerkorde van die NGKA betref, dien dit vermeld te word dat hierdie kerkorde uit 'n volle 64 artikels bestaan het.[38] Wat die inhoud van hierdie artikels betref meen Plaatjies-Van Huffel dat '(D)ie NGKA se kerkorde 'n noue aansluiting by die Doleansiekerkreg toon met die sterk aksentuering van die selfstandigheid van die plaaslike gemeente, die konfederatiewe karakter van die kerkverband en die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap'.[39] Weens die belang daarvan word daar vervolgens gelet op die inhoud van die artikels in hierdie kerkorde.

Wat die konfessionele basis van hierdie kerk betref, word hierdie kerk geplaas as deel van die breë gereformeerde familie met die bevestiging van die Formuliere van Enigheid as konfessionele basis van die NGKA.[40] Art 3 maak melding van die rol en plek van die tydelike ampte van Evangelis en Sendeling.[41] Hierdie aspek het oor die geskiedenis van beide die NGKA as

34 Plaatjies-Van Huffel, *Die doleansiekerkreg en die kerkreg*, 2008, 349.

35 Sien as voorbeeld in hierdie verband die Akte van Ooreenkoms tussen die NG Kerk in SA en die NGKA, Streeksinode Kaapland, 1975. In *Die Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1975, 179-180.

36 Botha, 'Kerkregtelike Selfverwesenliking', In CJ Kriel, *Die Eerste Eeu, 1881-1981, 1981, 163.*

37 WJ Daniëls, *Van Sendingkerk tot Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1960-1997)*, 1998, 137.

38 Sien in hierdie verband die Konsepkerkorde van die NGKA (Die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Bantoe), 1963. In die *Handelinge van die Eerste Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika*, 1963, 24-41.

39 Plaatjies-Van Huffel, *Die doleansiekerkreg*, 2008, 349.

40 Konsepkerkorde van die NGKA, 1963. In *Acta Synodi*, NGKA, 1963, 25.

41 Konsepkerkorde van die NGKA, In *Acta Synodi*, NGKA, 1963, 25

die NGSK daadwerklike kerkregtelike implikasies gehad. Wat dissipline in die kerk betref, en dan spesifiek dit wat van toepassing is op die sendelinge, is dit duidelik dat hierdie kerkorde terugval op die stipulasies in die Akte van Ooreenkoms.[42]

Die plek en waarde van hierdie kerkorde as Gereformeerde dokument is egter nie seker nie. Hier moet daar onthou word dat die stipulasies van die grondwet ten minste nog teen 1963 van krag was. Daarom meld Art 64:'(H)ierdie kerkorde is onderhewig aan die verskillende grondwette, wat deur die verskillende streeksinodes van die N.G. Kerk vasgestel is en sal aangepas word by die veranderinge van die grondwette wat die verantwoordelikheid van die verskillende streeksinodes van die NG Kerk is.'[43]

Dit is interessant om daarop te let dat, wat die eerste kerkorde van die NGSK betref, daar eers na die ondertekening van die Akte van Ooreenkoms tussen hierdie kerk en die NGK in SA gewerk is in die rigting van die daarstelling van 'n kerkorde.[44] So is daar reeds by die volgende sinode van die NGSK 'n kerkorde aanvaar.[45] In hierdie verband meld Plaatjies-Van Huffel:'(M)et die aanvaarding van die kerkorde van 1978 het die NGSK die eerste tree na selfstandigwording gegee'.[46] Alhoewel daar nou 'n kerkorde was, bestaande uit ruim 244 Artikels en 26 Reglemente, was die Akte van Ooreenkoms egter steeds van krag.

In wese beteken dit dat beide die kerkordes van die NGSK en die NGKA op hierdie tydstip niks anders was nie as kerkregtelike sekondêre dokumente, ondergeskik aan 'n grondwet, en/of die Aktes van Ooreenkoms wat steeds gegeld het. Die strewe na vereniging tussen hierdie twee kerke het egter 'n volgende fase ingelui, 'n fase wat ook die einde van die Aktes van Ooreenkoms ingelui het asook die opstel van 'n kerkorde wat die kerkregtelike rugsteun sou wees vir die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (VGKSA). Met die aanvaarding van die eerste kerkorde van die VGKSA het die kerkregtelike geskiedenis van die NGSK en die NGKA, gekenmerk deur 'onderdrukking en oorheersing', tot 'n einde gekom.[47]

Weens die geskiedenis van die NGSK en die NGKA vergestalt in die kerkreg en voortvloeiend uit die kerkordes en die ander vermelde dokumente wat verband hou met die regering van hierdie kerke '...is dit te verstane dat, wat die daarstel van die nuwe kerkorde van die VGKSA betref, daar geen sprake kon wees van 'n soort integrasie met die bestaande kerkordes van die NGSK en die NGKA nie'.[48]

## TEN SLOTTE

Dit is duidelik dat die NGSK en die NGKA kerkregtelike ontwikkelinge in verskillende periodes van hul geskiedenisse ondergaan het. Hierdie ontwikkelinge was in verhouding tot die NGK as "moederkerk". So is daar 'n duidelike ontwikkeling van volkome kerkregtelike ondergeskiktheid van die NGSK en die NGKA in verhouding tot die NGK tot 'n periode waar die NGSK en die NGKA as kerkregtelik selfstandig beskou kan word.

---

42 '(T)en opsigte van sendelinge wat in die dogterkerke dienswerk verrig, sal wat opsig en tug betref, gehandel word volgens die verskillende ooreenkomste wat bestaan tussen die streeksinodes en hulle onderskeie Moederkerke'. Sien die Kerkorde van die NGKA, In *Acta Synodi*, NGKA, 1967.

43 Konsepkerkorde van die NGKA, 1963. In die *Acta Synodi* van die NGKA, 1963, 41.

44 Botha, 'Kerkregtelike Selfverwesenliking', In Kriel, *Die Eerste eeu*, 1981, 163.

45 Sien in hierdie verband *Kerkorde, Bepalinge en Reglemente van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika*, 1978. Paarl: Paarl Drukpers.

46 Plaatjies-Van Huffel, *Die doleansiekerkreg*, 2008, 289.

47 Van Rooi, 'Bevry om te bely en te beliggaam', In *NGTT*, Deel 48 No. 3&4, 2007, 799.

48 Van Rooi, 'Bevry om te bely en te beliggaam', In *NGTT*, Deel 48 No. 3&4, 2007, 803-804.

Ek is van mening dat dit eers na die eenwording van die NGSK en die grootste gedeelte van die NGKA was in die VGKSA dat hierdie kerk ’n geskiedenis gekenmerk deur voogdyskap, ondergeskiktheid en semi-outonomie agtergelaat het. In die vorming van die VGKSA vind hierdie kerke dus kerkregtelike selfstandigheid. Hierdie posisie word bevestig deur die daarstelling van ’n kerkorde wat as ’n kerkregtelike basis vir die VGKSA dien. Hierdie kerkorde is gebou op die vier belydenisskrifte soos onderskryf deur die VGKSA, nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus, die Dordtse Leerreëls en die Belydenis van Belhar. In besonder is hierdie kerkorde egter gebou op die Belydenis van Belhar.

BIBLIOGRAFIE


*Acta Synodi*. NGK in SA. 1880.

*Acta Synodi*. NGKA. 1967.

Adonis, JC. 1976. Akte van Ooreenkoms tussen die N.G. Kerk en die N.G. Sendingkerk. *Die Ligdraer*: 12 Maart 1972.

Botha, DP. 1981. ‘Kerkregtelike Selfverweseliking’. Kriel, C.J. 1981. *Die Eerste Eeu. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1981*. 158-164. Paarl: Paarlse Drukkers.

Brooks, J.W. 1982. *’n Teologiese-Missiologiese beoordeling van die Aktes van Ooreenkoms tussen die Ned. Geref. Kerkverbande in Suid-Afrika*. Ongepubliseerde MTh Tesis. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Daniëls, WJ. 1998. *Van Sendingkerk tot Verenigende Gereformeerde Kerk in Suider-Afrika (1960-1997)*. Ongepubliseerde M Tesis. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland.

Konsep Kerkorde van die NGKA (Die Nederduitse Gereformeerde Kerk onder die Bantoe). 1963.

Konsep Kerkorde van die NGKA. 1963.

Kriel, CJ. 1963. *Die geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1956*. (’n Historiese Studie van Sendingwerk onder die Kleurlingbevolking van Kaapland). Paarl: Paarlse Drukpers Mspy. Bpk.

Kriel, CJ. 1981. Kriel, *Die Eerste Eeu. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika. 1881-1981.* Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Loff, CJA. 1998. *Bevryding tot Eenwording. Die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in Suid-Afrika 1881-1994.* Gepubliseerde Doktorale Dissertasie. Kampen: Theologische Universiteit van de Gereformeerde Kerken in Nederland.

Plaatjies-Van Huffel, MA. 2008. *Die doleansiekerkreg en die kerkreg en kerkregering van die Nederduitse Gereformeerde Sendinkerke en die Verenigende Gereformeerde kerk in Suider-Afrika*. Ongepubliseerde Dokororale Dissertasie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Smith, NJ. 1973. Die planting van afsonderlike kerke vir nie-blanke bevolkingsgroepe deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid–Afrika. *Annale*. 1973. Vol. 34. Serie B no.2. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Smit, JH. 1974. *Die amp van die sendingleraar in die jongere Kerk*. Ongepubliseerde Doktorale Dissertasie. Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.

Van der Merwe, WJ. *Gesante om Christus Wil*. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Van Rooi, LB. 2007. ‘Bevry om te bely en te beliggaam. ’n Ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA’. In *NGTT*, Deel 48 No. 3&4. 2007. 799-810.

*Wetten en Bepalingen voor het bestuur van de Nederduitsche Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika*. Kaapstad. 1916.

*Wette en Bepalings vir die bestuur van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*. Kaapstad: Die Nasionale Pers Bpk. 1946.

**TREFWOORDE**
Kerkorde
VGKSA
Kerkregtelik
Selfstandigheid
Grondwet

**KEY WORDS**
Church Order
URCSA
Church Juridical
Autonomy
Constitution

Kontakbesonderhede
Dr Leslie van Rooi
Dept Sistematiese Teologie en Ekklesiologie
Stellenbosch Universiteit
lbvr@sun.ac.za
021 808 3697